



Om korttermyn-momentum in langtermyn-groei te omskep

Die plaaslike ekonomie het nou miskien 'n mate van momentum – aangehelp deur 'n sterk rand. Is dit volhoubaar?

Terwyl die Suid-Afrikaanse ekonomie op die oomblik welverdiende meewinde en positiewe ekonomiese nuus ervaar, moet ons korttermynmomentum dringend in 'n langer-termyn-groei koers omskep wat wesenlik hoër is as wat ons oor die afgelope twee dekades behaal het.

Toenemende binnelandse vraag is een aanwyser van 'n ekonomiese herstel, dus was dit 'n positiewe teken vir die vervaardigingsektor dat Absa se koopbestuurdersindeks in Mei 'n klein toename tot 57,8 getoon het nadat dit in April tot 56,2 gedaal het. Dit verbeter altyd sentiment wanneer die rand lewendig is en ekwiteitsmarkte wins ervaar, veral vir die JSE wat in die algemeen vir die oorgrote deel van 'n dekade al sukkel. Hoë kommoditeitspryse, gepaard met betreklik lae invoere (in April het invoere met 5% gedaal vergeleke met die vorige maand) het die land se huidige surplus op die lopende rekening aangehelp. Voeg hierby dollar-swakheid en ons ervaar 'n ommeswaai in die lotgevalle van die rand, wat net meer as 'n jaar gelede teen meer as R19 per dollar gekwyn het.

Dis bemoedigend dat die regering skynbaar vasstaan met fiskale dissipline en daar is blykbaar 'n mate van vordering in die stryd teen knoeiery en korrupsie, al is die vordering ten beste stadig.

Al drie die groot graderingsagentskappe – Moody's Investors Service, Fitch en S&P – het óf nie nuwe hersienings gedoen nie, gegrond op die veronderstelling dat daar niks was wat 'n aanpassing regverdig het nie óf hulle het hul ou gradering en vooruitsig gehandhaaf. Terwyl geeneen van die graderingsagentskappe 'n verslegtende situasie uitgelik het nie, het hulle ook nie hul siening van negatief tot stabiel of positief opgradeer nie, wat aandui dat hulle nog nie die vertroue het om te veronderstel dat die huidige korttermyn-momentum noodwendig die begin van 'n langertermyn-tendens is nie.

Hulle gebrek aan vertroue is verstaanbaar. Die regering het hom wel op fiskale konsolidasie toegespits deur sy uitgawes beter te bestuur, veral die openbare sektor se loonrekening, maatskaplike-welvaarttoelae en ondernemings in staatsbesit. Realisties gesproke is dit egter te betwyfel of dié teikens bereikbaar is.

Die bereiking van fiskale konsolidasie word bemoeilik deur die feit dat, volgens Tito Mboweni, minister van finansies, se eie erkenning, ondernemings in staatsbesit steeds die steun van die regering benodig. Dié ondernemings het R269 miljard se skuld wat teen 2025 verval.

Suid-Afrika se beduidendste uitdaging is egter steeds groei. Dit is 'n kwessie wat reeds voor Covid-19 ontstaan het, gegrond op die feit dat die land se ekonomie al langer as 'n dekade onderpresteer. Die huidige styging was beter as wat aanvanklik verwag is – al was dit teen 'n laer koers as die wêreldgemiddelde en vanaf 'n groter daling in die BBP. Selfs die positiefste kommentators verwag egter dat groei gaan daal tot vlakke van 2% en laer. Dis kommerwekkend dat SA se groeivooruitsigte vir 2022 en 2023 op laer vlakke bly as die ontwikkelde wêreld én talle van ons mededingers in ontluikende markte.

Dus, selfs al is die huidige herstel vinniger as wat aanvanklik verwag is, kry dit die ekonomie eenvoudig net terug op 'n groeitendens wat onder die potensiaal is. Die werklikheid is dat ons nie in staat sal wees om die land se skuldvlak beduidend te verminder nie of om die sosiaal-ekonomiese uitdagings wat ons in die gesig staar, die hoof te bied nie.

Terwyl die surplus op die lopende rekening positief is, word dit hoofsaaklik aangedryf deur 'n wêreldvraag na kommoditeite wat op die oomblik hoë pryse het en beperkte invoere. Laasgenoemde is 'n aanduiding van 'n sagte plaaslike ekonomie.

Hoewel hoë kommoditeitspryse 'n welkome meewind is, sal 'n langertermyn-siening bepaal of die bykomende inkomste wat deur mynmaatskappye verdien word – of stellig alle maatskappye wat beter verdienste het – herbelê sal word om aanbodvermoë uit te brei of as 'n dividend uitbetaal sal word. Uit 'n land se groeiperspektief, is laasgenoemde glad nie ideaal nie.

Bykomende regeringsinkomste word benut om skuld te verminder, danksy die beter as verwagte belastinginvordering (danksy hoër kommoditeitspryse), eerder as om dit in vermoëskopping of ekonomiese groei-inisiatiewe te belê. Terwyl dit die regte ding is vir die tesourie om te doen, steun dit nie groei nie.

In plaas daarvan dat die staat alles in sy vermoë doen om die private sektor te bevorder, volg die regering steeds 'n tussentredende benadering. Die staat beplan om privatesektor-belegging in infrastruktuurprojekte te koördineer, hoewel daar min bewyse is om te veronderstel dat hy die nodige bevoegdheid het om doeltreffend te wees. Ondanks die veelbesproke infrastruktuurprogramme om die ekonomie aan die gang te kry, is daar 'n tekort aan belêbare projekte en beperkte lewendige projekte.

Infrastruktuur is nie die enigste uitdaging nie: tot op hede is die spektrumkwessie nog nie opgelos nie en bestaan daar onsekerheid oor kragopwekking deur die private sektor en mynregulasies. Ondanks president Cyril Ramaphosa se veldtog om beleggings vir Suid-Afrika te lok, word die saak nie aangehelp deur die gemengde seine wat ons steeds in sy regering sien nie. Neem byvoorbeeld die disfunkionele Suid-Afrikaanse Poskantoor wat alles in sy vermoë doen om te keer dat private afleweringdienste pakkies ligter as een kilogram mag aflewer; of die Mededingingskommissie wat 'n buitelandse private ekwiteitsbelegging in Burger King afraai om redes wat niks met mededingingskwessies uit te waai het nie.

Terwyl ons almal die meewinde en positiewe korttermyn-ontwikkelings in die ekonomie graag behoort te verwelkom en toe te juig, is dit belangrik om te bevraagteken presies hoe volhoubaar die huidige "sprong" is en wat dit sal verg om dit in 'n tendens met momentum te omskep. Nou, meer as ooit tevore, vereis dit sterk, beslissende leierskap omdat ons eenvoudig nie kan bekostig om toe te laat dat die huidige momentum afneem nie. ■

terugvoer@finweek.co.za

Andrew Duvenage is die besturende direkteur van NFB Private Wealth Management.

